higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 13 bladsye.

312Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

5. Die diagram moet netjies en duidelik wees. ’n Potlood mag gebruik word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die eerste stap in die probleemoplossingsproses is probleem- ..., waarna die oorsaak bepaal word.

A skepping
B identifisering
C seleksie
D implementering

1.1.2 Die eerste stap in Victor Vroom se verwagtingsteorie staan bekend as …

A voorbereiding.
B begin.
C werkverrigting
D poging.

1.1.3 Volgens Gesell fokus die maturasieteorie op die ... van ’n persoon.

A persoonlikheid
B intelligensie
C biologie
D emosies

1.1.4 ’n Goeie tegniek om kreatiwiteit te verbeter, is …

A om na musiek te luister.
B om te slaap.
C om televisie te kyk
D om andere te kopieer.

1.1.5 Die uitkoms of beloning waaraan ons waarde heg, staan bekend as …

A verifiëring.
B bemiddeling.
C valensie.
D verwagting.

1.1.6 Groepwerk en demonstrasies is veral geskik vir leerders met ... intelligensie.

A ruimtelike
B naturalistiese
C intrapersoonlike
D interpersoonlike

1.1.7 Wanneer ’n persoon dink daar is ’n oplossing vir elke probleem, vertoon hy/sy ’n ... uitkyk op dinge.

A sorgsame
B optimistiese
C begrypende
D frustrerende

1.1.8 Vygotsky se sosiokulturele teorie moedig ... aan as ’n manier om te leer.

A onafhanklikheid
B kondisionering
C steiering (‘scaffolding’)
D met die lepel te voer

1.1.9 By tye verhoed ... ons om die loopbaan te volg wat ons gekies het.

A kontaminante
B kommunikasie
C beperkings
D sensus

1.1.10 ’n Gekondisioneerde stimulus word gevolg deur ...

A ’n gekondisioneerde respons.
B ’n ongekondisioneerde respons.
C uitwissing.
D ’n ongekondisioneerde stimulus.

1.1.11 Wanneer sekere oplossings nie aan mense bekend is nie, is dit belangrik om oordeel ... voordat die oplossings verwerp word.

A aan te moedig
B op te skort
C in te giet
D te verwerp

1.1.12 Wanneer ons vernuwend dink, kom ons met ... idees vorendag.

A ekstra
B bewese
C gekopieerde
D oorspronklike

1.1.13 Die akroniem wat ons gebruik om ons te help om realistiese doelwitte te stel, is ...

A S.T.A.R.T.
B S.T.A.R.
C S.M.H.R.T.
D S.M.A.L.L.

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Wanneer ’n ouer sterf, word die gebeurtenis onder die ... -stelsel in die ekologiese leer-teorie geplaas.

A mikro
B makro
C meso
D kso

1.1.15 ’n Betroubare hulpbron wat mense met probleemoplossing help, is …

A ander mense.
B tydskrifte.
C om te raai.
D koerante.

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Volgens Mischel dra onmiddellike bevrediging tot sy persoonlikheidsteorie by.

1.2.2 Ons vaardighede bepaal ons loopbaankeuse.

1.2.3 Alle mense hanteer daagliks probleme en probleemoplossingstrategieë.

1.2.4 Wanneer iemand bevorder word, beweeg hy/sy op ’n vertikale loopbaanpad.

1.2.5 In die probleemoplossingsproses behoort ’n individu nie ander mense in ag te neem wanneer moontlike oorsake van die probleem geëlimineer word nie.

1.2.6 Volgens Gagné begin die sikliese proses met impulse wat ons deur middel van die sintuie van die omgewing ontvang.

1.2.7 Wanneer ’n probleem nie opgelos word nie, moet jy aanhou om die gekose oplossing te laat werk totdat jy slaag.

1.2.8 Die internet is slegs nuttig wanneer jy werk in die buiteland soek.

1.2.9 Dit is belangrik om die gaping tussen jou huidige posisie en jou doel te vind en daarna stappe te doen om dit te bereik.

1.2.10 Dewey se teorie is gegrond op die uitgangspunt dat kinders uit situasies leer en kennis uit sinvolle ervarings verwerf.

1.2.11 Akkulturasie is wanneer skeppende mense die samelewing se reëls navolg en hul unieke identiteit verloor.

Kopiereg voorbehou

1.2.12 ’n Dekbrief is die enigste dokument wat benodig word om werk te kry.

1.2.13 Skeppende mense kan hoogs intelligent wees.

1.2.14 Prestasies of spesiale toekennings behoort nie by jou CV ingesluit te word nie.

1.2.15 Volgens Ausubel is dit verwarrend vir mense om kognitief te ontwikkel wanneer hulle ’n verstandelike beeld van ’n voorwerp skep. (15 × 1) (15)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	’n Dokument wat gebruik word as jy werk soek	A	eiewaarde
		B	werwing
2.1.2	Die eerste persoon wat die sosialeleerteorie oorweeg het	C	curriculum vitae
2.1.3	Verskillende vlakke in ’n struktuur	D	hiërargie
2.1.4	Mense wat gekontak kan word om oor iemand se karakter verslag te doen	E	ambisie
		F	referente
2.1.5	Die siening wat ons van onsself het	G	Rotter
2.1.6	Die persoon wat voorgestel het dat daar meer as een tipe intelligensie is	H	Gardner
2.1.7	Die tipe motivering wat ons het wanneer ons ’n taak suksesvol afhandel	I	persepsie
		J	intrinsieke
2.1.8	Die sterk begeerte wat ons het om sukses en doelwitte te bereik	K	Bruner
		L	sintuie
2.1.9	Volgens hierdie teoretikus bou leerders nuwe kennis uit bestaande kennis		
2.1.10	Die tipe agentskap wat ons kan gebruik wanneer ons werk soek		

(10 × 1) (10)

2.2 Kies ’n opsie uit die lys hier onder wat pas by elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

introversie; reseptors; perseptuele; bemagtiging; kat; geld; leerstyl; netwerkvorming; mediasie; vrywillig

2.2.1 Die versperring wat ervaar word wanneer ’n probleem slegs uit een hoek beskou word.

2.2.2 Deur Thorndike in sy legkaartboks gebruik.

2.2.3 Dit help leerders om begrip te verwerf deur hul sterk punte en swakhede te gebruik.

2.2.4 Om met mense op jou gebied te gesels.

2.2.5 Dit het dieselfde betekenis as wanneer iemand iets gewillig doen.

2.2.6 Dit kan beskou word as ’n struikelblok om ’n probleem op te los.

2.2.7 ’n Algemene eienskap onder kreatiewe mense is dat hulle geneig is om selfbesinning te doen.

2.2.8 Dit ontvang inligting of stimuli uit die omgewing.

2.2.9 Die posisie waarin ons onsself bevind wanneer ons beheer oor ons bestemming en lewens het.

2.2.10 Opvoeders voorsien dit deur onderskeie instrumente aan leerders te gee om nuwe kennis of vaardighede te verwerf.

(10 × 1) (10)

2.3 Voltooi die volgende sin:

Die model van transaksionele leer is gebaseer op ... . (2)

2.4 Noem enige DRIE eienskappe wat ’n kreatiewe persoon tydens die probleemoplossingsproses sal vertoon. (3 × 1) (3)

2.5 Watter tipe respons kry ’n individu tydens klassieke kondisionering, voordat kondisionering plaasvind? (1)

2.6 Gee die VIER stappe in Maslow se behoeftehiërargie (in volgorde) wat selfverwesenliking voorafgaan. (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte opsie uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 ’n (Seleksie/Oplossing) kan gevind word vir probleme wat ons teëkom.

3.1.2 ’n CV word saam met ’n werk- (spesifikasie/aansoek) ingedien.

3.1.3 (Groep-/Individuele) leer maak grootliks op samewerking staat.

3.1.4 Om idees in ’n groep te genereer, staan bekend as (dinkskrum/onderhoudvoering).

3.1.5 (Terugvoering/Vryheid) dui aan waar aanpassings benodig word.

3.1.6 (Selfvertroue/Skakeling) is deel van ’n persoon se groeibehoeftes.

3.1.7 Kern- (bevoegdhede/kenmerke) word vereis om ’n persoon se pligte in ’n onderneming uit te voer.

3.1.8 Kultuur en tradisies val onder die (mikro-/makro-) ekologiese stelsel van leer.

3.1.9 (Humor/Honger) is ’n eienskap van ’n persoon wat selfverwesenliking bereik het.

3.1.10 (Diskriminasie/Verwerwing) is wanneer daar nog nie ’n stimulus in operante kondisionering is nie.

3.1.11 Wanneer voorgestelde oplossings nie die probleem oplos nie, is dit noodsaaklik om na die aanvanklike stadium (terug te gaan/vorentoe te beweeg).

3.1.12 ’n (intervensie/onderhoud) is ’n belangrike deel van die werwingsproses.

3.1.13 ’n (Hipotese/Fenomeen) is ’n situasie wat nog nie bewys is nie.

3.1.14 (Ontkenning van/Wantroue in) die bestaan van probleme beïnvloed probleemoplossing.

3.1.15 ’n Positiewe (verbeelding/beeld) tydens die werksoekproses sal die applikant help.

(15 × 1) (15)

3.2 Noem die proses op die konkreet operasionele vlak (‘concrete operation’) waar ’n kind aandag aan meer as een kenmerk van ’n voorwerp gee en nader daaraan beweeg om die werklikheid met andere te deel wat dalk ander standpunte het. (1)

3.3 Verduidelik die term *divergente denke*. ☆ (1)

3.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Josh woon op ’n plaas. Hy hou daarvan om buitenshuis en in die natuur te wees. Hoewel hy baie jonk is, weet hy dat bome soos lemoene en avokado lank groei voordat hulle vrugte dra. Hy bereken hoe ver uitmekaar hy die bome moet plant om genoeg ruimte te hê wanneer hulle volgroeid is en hoeveel geld hy kan maak wanneer hulle vrugte dra. Hy sien reeds die bome as volgroeid op die dag wat hy die saailinge plant. Die natuur is ’n goeie leermeester vir hom. Op skool speel hy rugby vir die eerste span.

3.4.1 Identifiseer DRIE intelligensies wat Josh daagliks gebruik. (3 × 2) (6)

3.4.2 Beskryf TWEE handelinge wat Josh uitvoer wat aandui dat hy in Piaget se formeel-operasionele stadium is. (2 × 2) (4)

3.4.3 Noem hoe Piaget se konsep van die ‘akkommodasieproses’ inpas by Josh se idee om bome te plant. Gee TWEE voorbeelde. (2 × 2) (4)

3.5 Volgens Gesell se maturasieteorie is ontwikkeling suiwer biologies. Gee jou mening oor die volgende stellings: ☆

3.5.1 Noem EEN aspek waarvolgens die natuur (omgewing) ’n onderwyser vir Josh was. (2)

3.5.2 Stel EEN rede voor waarom Josh nie volgens Gesell se maturasieteorie funksioneer nie. (2)

[35]

VRAAG 4 ☆

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Patrick is baie kreatief en hou daarvan om kuns te skep. Hy het onlangs ’n vorm van graffitistraatkuns bemeester. Hoewel hy ’n baie goeie graffitikunstenaar is, gebruik hy soms sy talent op verkeerde plekke. Sy vriende wil kunswerke op enkele skoolmure aanbring, maar hulle het nie die nodige toestemming nie. Patrick is senuweeagtig, maar sy vriende por hom aan en sê dat hulle dit op ander geboue gedoen het en daarmee weggekom het.
>
> Eendag het sy vriende met kannetjies spuitverf by Patrick se huis opgedaag, maar hy het nie hul uitnodiging aanvaar om by hulle aan te sluit nie. Hy het geweet dat, as hy betrap sou word, sy ouers hom sou straf of, erger nog, dat hy uit die skool geskors sou word. Sy universiteitsbeurs sou teruggetrek word en hy sou ’n swak rekord hê.
>
> Die sekuriteitskameras by die skool het die skuldige partye uitgewys en hulle moes die mure op eie koste oorverf. Hulle is ook vir drie weke geskors. Patrick het besef dat hy in groot moeilikheid kon beland deur sonder toestemming op mure te verf, en dat dit ook sy reputasie kon benadeel.

4.1 4.1.1 Patrick het gekies om die regte ding te doen in 'n potensieel problematiese situasie wat ernstige gevolge kon inhou.

Hoe het die vryheid om vir homself te dink en te besluit vir Patrick gehelp? (2)

4.1.2 Gee EEN stelling in die scenario wat aandui dat sy vriende hom aangepor het om iets te doen waarmee hy nie gemaklik was nie. (2)

4.1.3 Identifiseer waar/wanneer die aspek van 'samewerking' in die scenario plaasvind. (2)

4.1.4 Watter tipe veelvuldige intelligensie openbaar Patrick? (2)

4.2 Volgens die sosialeleerteorie speel kognisie 'n belangrike rol in leer.

Bespreek die volgende aspekte van die scenario:

4.2.1 Noem TWEE handelinge wat daarop dui dat Patrick die vermoë het om vooruit te beplan wat die voorgestelde optrede betref. (2 × 2) (4)

4.2.2 Hoe het selfbesinning Patrick beïnvloed om meer aanvaarbare gedrag te openbaar? (2)

4.3 Noem DRIE rolspelers uit die scenario wat deel van Patrick se mikrostelsel met betrekking tot Bronfenbrenner se ekologiese leerteorie is. (3 × 2) (6)

4.4 Verstrek TWEE redes waarom jy sal oorweeg dat operante kondisionering plaasgevind het. (2 × 2) (4)

4.5 Ontwerp 'n geheuekaart wat TWEE moontlike positiewe en TWEE moontlike negatiewe gevolge van Patrick se dade aandui. Verskaf 'n geskikte beskrywing vir die geheuekaart. (2 + 2 + 1) (5)

4.6 Bespreek enige DRIE struikelblokke wat voorkom het dat jy jou probleme in jou vlak 4-jaar kon oplos. (3 × 2) (6)

[35]

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Thabo se ouers is geskei en het gedeelde toesig. Keto, Thabo se ma, bespreek dikwels Thabo se drome en doelwitte met hom. Sy vra hom wat die belonings of gevolge is na aanleiding van sy keuses en gedrag. Keto moedig hom aan en prys hom vir sy prestasies. Hy sit die stappe uiteen wat hy moet doen om sy doelwitte te bereik, terwyl Keto hom leiding gee wanneer sy dink dat daar beter maniere is. By sy pa se huis het sy stiefma, Gobo, 'n ander benadering. Sy vertel voortdurend vir Thabo dat hy bederf is en te veel van homself dink wanneer hy sy doelwitte nastreef. Gobo vertel vir hom dat hy 'n normale werk moet kry en dat sy doelwitstelling blote dagdromery vir lui mense is. Sy raak kwaad wanneer Thabo nie haar instruksies volg wanneer sy hom aansê om dinge anders te doen nie. Ten spyte hiervan bly Thabo op koers. Wanneer hy voel dat die stappe nie werk nie, bespreek hy dit met sy ma en maak aanpassings, waar nodig. Thabo is vasbeslote om sy doelwitte te bereik en het vertroue in sy vermoë om sukses te behaal.

5.1	5.1.1	Keto en Gobo gebruik verskillende gedragsmodifikasie-strategieë. Gee EEN metode wat elkeen toepas. (2 × 2)		(4)
	5.1.2	Identifiseer TWEE tegnieke wat Keto gebruik wat ooreenstem met die teorie van gedragsmodifikasie. (2 × 2)		(4)
	5.1.3	Waarom kan Thabo se doelwitstelling as 'n 'verrykte leertaak' beskou word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 + 2)		(4)
	5.1.4	Verstrek TWEE redes uit die scenario waarom jy sal saamstem dat die proses wat Thabo en Keto volg tot bemagtiging lei. (2 × 2)		(4)
5.2	5.2.1	Hoe weet ons dat Thabo die stappe wat hy doen geëvalueer het?		(2)
	5.2.2	Bespreek DRIE aspekte wat aandui dat Thabo die beste oplossing in 'n situasie oorweeg. (3 × 2)		(6)
	5.2.3	Beklemtoon TWEE stappe wat Thabo doen wanneer hy voel dat dinge nie uitwerk nie.		(4)
5.3	5.3.1	Wat dink jy kan die vrees van onbevoegdheid by Thabo wakker maak?		(2)
	5.3.2	Thabo kan sy doelwitte bereik. Stem jy saam of verskil jy daarvan? Verstrek EEN rede vir jou antwoord. (1 + 2)		(3)
	5.3.3	Wat dink jy sal met Thabo se doelwitte gebeur wanneer sy ma ophou om dinge met hom te bespreek?		(2)
				[35]

VRAAG 6

6.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae. ☆

Sarah is 26 jaar oud. Nadat sy Vlak 4 by ’n TBOO-kollege voltooi het, het sy universiteit toe gegaan en ’n kwalifikasie in Grondslagfaseonderwys verwerf. Sy het begin skoolhou by ’n laerskool en haar studies in spesialebehoeftesonderwys voortgesit. Haar eie uitdagings het haar aangemoedig om ’n loopbaan in die onderwys te kies. Nadat sy met enkele ouers gepraat het, het sy besef dat daar ’n groot behoefte aan onderrig in spesiale behoeftes is. Sy het op die internet gelees dat die statistieke vir kinders met leerstruikelblokke hoog is. Nadat sy genoeg inligting ingesamel het, het Sarah besluit om haar eie educare-sentrum oop te maak wat daarop sal fokus om jong kinders te help wat ekstra aandag benodig. Sy beplan om die volgende jaar ’n dagsorgsentrum oop te maak, aangesien sy haar kwalifikasie teen die einde van die jaar sal voltooi. Sodoende sal sy van ’n opvoeder in die prinsipaal van haar eie skool verander. Haar geduld en empatie met kinders is goeie hoedanighede vir haar toekomsplanne.

6.1.1 Identifiseer TWEE persoonlikheidstrekke wat voordelig sal wees vir die loopbaan wat Sarah gekies het. (2 × 2) (4)

6.1.2 Stel TWEE redes voor waarom Sarah as ’n gemotiveerde persoon beskou kan word. ☆ (2 × 2) (4)

6.1.3 Identifiseer TWEE maniere waarop Sarah inligting oor kinders met spesiale behoeftes bekom het. (2 × 2) (4)

6.1.4 Bespreek EEN faktor wat Sarah beïnvloed het in haar keuse van ’n loopbaanpad. (2)

6.1.5 Gee EEN voorbeeld uit die scenario wat wys dat die opening van haar eie dagsorgsentrum ’n vertikale beweging in Sarah se loopbaan sal wees. (2)

6.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae. ☆

Sarah se dagsorgsentrum sal uit uiteenlopende leerders met verskillende gesinstrukture bestaan. Sy beplan om ’n assistent in diens te neem om die klas te hanteer terwyl sy tyd met die leerders met spesiale behoeftes deurbring. Sy glo dat alle kinders die geleentheid moet hê om ’n opvoeding te kry, ongeag hul spesiale behoeftes.

6.2.1 Help Sarah om TWEE vrae te formuleer wat sy gedurende ’n onderhoud met ’n potensiële assistent kan vra om seker te maak dat sy die beste kandidaat kies. ☆ (2 × 2) (4)

6.2.2 Noem TWEE bevoegdhede wat ’n assistent na jou mening moet hê om geskik vir die pos te wees. (2 × 2) (4)

6.2.3 Verstrek TWEE redes waarom Sara se idee van 'n dagsorgsentrum na jou mening aan die doelteorie van motivering voldoen. (2 × 2) (4)

6.2.4 Hoe kan Sarah se inspanning om 'n gekwalifiseerde opvoeder van kinders met spesiale behoeftes te word met Vroom se verwagtingsteorie verbind word? (2)

6.2.5 Verstrek EEN voorbeeld van Maslow se selfverwesenliking uit die scenario wat Sarah openbaar. (2)

6.3 Noem DRIE eienskappe wat 'n persoon sal openbaar wat selfverwesenliking bereik het. (3 × 1) (3)

[35]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou